# HEBREËRS 7:25-28

## TEMA: CHRISTUS IS VERHEWE BO DIE WET

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.

Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 7:25-28**

**Heb 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.**
**Heb 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;**
**Heb 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.**
**Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.**

-o0o-

### Deurgang tot God

Heb 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Hierdie Christus, hierdie volkome Volmaaktheid en Vrug van die verbond, het nou 'n realiteit geword.

- Aan Hom is daar geen sonde gevoeg nie
- Geen sonde kon aan hom klou nie
- Geen sonde kon met Hom geassosieer word nie.

Die dood, wat die vrug is van die sonde, kon daarom nie aan hom 'n houvas hê nie.
Omdat Hy deur die moederskoot gegaan het,

- kan ons Hom volg en
- met Hom deur die moederskoot gaan en
- deur die voorhangsel in die verhouding met die Vader.

Ons sal ook nooit sterf nie. As ons ons lewe hier neerlê, is dit net 'n oorstap van hierdie koninkryk af na die ewigheid toe. Dit is waar Christus Jesus nou lewe en dit is waar Hy bestaan. As ons sterf is ons in die nuwe verbond met Hom en dan *word ons deel van die vrug van die nuwe verbond*.

### Christus se eienskappe

Heb 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;

Christus word beskryf as *een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;* Dit is presies die eienskappe van die orde van Melgisédek.

### Offerandes nie nodig vir Christus

Heb 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.

Dit was nie nodig vir Christus om eers vir Homself te offer soos die wat onder die wet was nie, want Hy is nie die hoëpriester van Aäron (die wet) nie.

-o0o-

- As Hy die hoëpriester van Aaron was, sou Hy onder daardie verpligtinge van die wet moes ingekom het.
- Deur vir Homself eers te offer, sou Hy dan ‘n proklamasie (bekentenis) gemaak het in die geestelike realm dat Hy vol sonde was.
    - Dit sou satan teen hom kon gebruik het en kon hy dan vra waarom Hy vir Homself offer.
    - Dan het Christus eintlik self verklaar dat Hy onder die Aäron verbond geval het en daardie verpligtinge moes nakom.
    - Met hierdie erkentenis sou Satan ‘n houvas op Hom gehad het.

Omdat Hy egter onder die Melgisédek verbond gegaan het, het satan geen houvas op Hom gehad nie, want satan kon geen aanklag teen Melgisédek kry nie.

- Melgisédek het geen geskiedenis gehad nie.
- Daar is geen melding gemaak van ‘n vader of moeder nie.
- Niemand het iets van hom geweet nie
- Daar is nooit iets oor hom geskryf nie.

**Christus is verhewe bo die Wet**

Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

Christus, as die vrug van die Melgisédek verbond, was dus bo die wet en bo die dood.

- Daarom kon Hy bo al hierdie verpligtinge instap en Homself gaan offer het in die Allerheiligste.
- Sou Hy onder die wet geval het, moes Hy eers die rituele van die wet nagekom het, wat dan ‘n self erkentenis sou gewees het dat Hy sonde gehad het.

Jy kan nie sê jy val onder ‘n verbond en jy kom nie daardie verbond na nie. As jy sê jy val onder ‘n verbond moet jy al daardie verpligtinge en rituele nakom. Dit was dus nie nodig vir Christus om eers Homself te ontsondig met ‘n offer nie, want Hy is die hoëpriester van Melgisédek en nie die Aäron hoëpriester nie.

Die hoëpriesterskap van Melgisédek is vir ewig volmaak. Daarom kon Christus as hoëpriester van Melgisédek net instap en Homself geoffer het. Dit was nie nodig vir al die rituele wat die wet verwag het en vereis het nie.

- Hy was verhewe bo die wet.
- Hy was die vervulling van die wet en die profete.

-o0o-